# GRONDTREKKE VAN ADRIO KÖNIG SE TEOLOGIE

S.A. Strauss[1]


## ABSTRACT

## CHARACTERISTICS OF ADRIO KÖNIG'S THEOLOGY

In 2001 Adrio König published a book *Focus on 300 questions about faith, which most people ask* (title translated). Basically this book can be regarded as a summary of König's systematic theology. König's theology is so stimulating that it deserves research. This article analyses *Focus*, with reference to other books by the same author, aiming at disclosing the basic features of his theology. The article concludes that König's theology can be described, from a reformed perspective, as ambiguous: biblical as well as contextual, confessional as well as ecumenical. König describes his theology as "eschatological covenant theology". The positive and negative implications are also discussed.


## 1. EINTLIKE BEDOELING

Dit gebeur nie elke dag dat daar 'n dogmatiek in Afrikaans verskyn nie; selfs nie elke dekade nie! Naas Johan Heyns se *Dogmatiek* van 1978 is Adrio König se *Fokus op die 300 geloofsvrae wat mense die meeste vra* van 2001 die eerste omvattende sistematiese bespreking van wat Christene glo.

Weliswaar is König se boek nie as 'n akademiese handboek bedoel nie. In die subtitel word dit beskryf as 'n "verwysingsgids vir elke gesin" en in die Voorwoord kondig die skrywer self dit aan as 'n "eenvoudige boek". Nogtans wil dit 'n oorsig van die vernaamste "sleutelbegrippe van die Christelike geloof" bied. Daarom kon dit nie slegs eenvoudig wees nie, maar het dit plek-plek ook "diepsinnig" geword. Lees 'n mens dit noukeurig, vertoon dit inderdaad die kenmerke van 'n volbloed dogmatiek. Dit behandel in hoofstuk na hoofstuk al die bekende

1 Prof. S. A. Strauss, Hoof: Department Dogmatologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, 9300. E-pos: strausssa.hum@mail.uovs.ac.za

*loci* — van die openbaring van God, *via* skepping, mens en sonde tot by Christus, die verlossing en ons toekomsverwagting. Meer nog, dit is 'n intelligente dogmatiek. Die skrywer skroom nie om sy diepste motiewe uit die staanspoor op die tafel te sit nie. Hy het bewustelik 'n sistematiese uitgangspunt gekies waaromheen hy sy dogmatiek wil uitwerk: "'n eskatologiese verbondsleer" (König 2001a:12).[2] Al werk hy nie met voetnote en verwysings nie, is dit nogtans duidelik dat daar 'n leeftyd se studie agter dié "eenvoudige" boek sit.

König se *Fokus* was nie sy laaste dogmatiekboek nie. Intussen het hy al weer monografieë oor ten minste die voorsienigheid (König 2002a), die Bybel (König 2002b) en Christus (König 2002c) die lig laat sien. Daarin het hy nie oor een van dié temas 'n nuwe koers ingeslaan nie. Hy het net die grondlyne wat alreeds in *Fokus* staan verder uitgewerk.

König se *Fokus* was ook nie sy eerste dogmatiekboek nie. Inteendeel, behalwe sy proefskrif (König 1970) en enkele kleiner publikasies, het hy 'n hele reeks onder die titel *Gelowig nagedink* gepubliseer (König 1975, König 1980a, König 1988, König 1993). Tussenin was daar ook nog belangrike werke oor die doop (byvoorbeeld König 1980b), die verlossing (König 1980c) en 'n inleiding in die teologie (Eybers, König en Stoop 1982). Maar nie een van hierdie boeke openbaar die grondtrekke van sy hele teologie so duidelik as *Fokus* nie. Daarom word dié boek hier as uitgangspunt en vernaamste bron gebruik om 'n ondersoek na König se teologiese grondtrekke te onderneem. Na die ander publikasies sal slegs verwys word wanneer dit noodsaaklik geag word om 'n bepaalde punt verder toe te lig.

Die bedoeling van hierdie artikel is om oorsigtelik König se basiese teologiese oortuigings bloot te lê. Om meer as dit te doen, sal 'n hele navorsingsprojek vereis en waarskynlik 'n hele boek tot gevolg hê. Hier word net op die hoofsake, die buitelyne gekonsentreer en nie op allerlei detailkwessies ingegaan nie. Dat dit noodsaaklik is om König se teologiese profiel te teken ten einde hom in die Suid-Afrikaanse teologiese tradisie te kan plaas, spreek eintlik vanself. Hy het homself die afgelope dekades as 'n invloedryke teoloog gevestig. Sy werke word

2 Voortaan in hierdie artikel aangehaal as *Fokus*, met die bladsy daarna.

wyd gelees en deur vele aangeprys. Sy kritiese benadering en uitdagende styl dwing sy lesers om hulleself oor sy teologie te verantwoord.

Om hierdie doelwitte so goed as moontlik in dié artikel te bereik, word König se *Fokus* in die volgende paragrawe weergegee, ontleed en beoordeel. Uiteraard kan so 'n beoordeling nie neutraal geskied nie. Die bewustelike uitgangspunt waarvoor hier gekies word, is 'n "konfessioneel-gereformeerde" standpunt.[3] Daarvolgens moet bepaal word of daar met die grondtrekke in König se teologie saamgestem kan word al dan nie. In die volgende paragrawe word, na 'n voorlopige verkenning, eers aandag gegee aan enkele formele of metodologiese kenmerke van König se teologie, soos byvoorbeeld sy ekumeniese openheid en sy kontekstuele benadering. Vervolgens word daar meer op die inhoudelike aspekte, soos sy eskatologiese perspektief en sy verbondsmatige beklemtoning, gekonsentreer. Aan die einde word 'n samevattende gevolgtrekking aangedurf.

## 2. VOORLOPIGE VERKENNING

Vergelyk 'n mens König se *Fokus* met ander gereformeerde dogmatieke soos byvoorbeeld dié van Heyns (1978) of van Van Genderen en Velema (1992), vertoon dit met die eerste oogopslag nogal tradisioneel. Met inagneming van kleiner verskille word basies dieselfde hoofstukindeling, en min of meer dieselfde volgorde, gevolg. Om die waarheid te sê, volg die meeste dogmatieke — of hulle nou uitgesproke gereformeerd is of nie — natuurlik dié benadering. In breë trekke kan dit tot die twaalf artikels van die Apostoliese Geloofsbelydenis teruggevoer word. König se dogmatiek is hierop geen uitsondering nie.

Langs die lyne van die tradisionele dogmatiese *loci*–metode stel König in elf hoofstukke die volgende leerstukke aan die orde: openbaring, God, skepping, mens, sonde, voorsienigheid, Jesus Christus, Heilige Gees, heil en heilsweg, kerk en toekomsverwagting. Hoewel

3 Vgl. Durand (saam met W.D. Jonker) 1976:7. Hulle bedoel daarmee die aanvaarding van die gesag van die Skrif en 'n nie-skolastieke denkmetode wat binne die grense van die Skrif wil bly. Hoe so 'n teologie uitgewerk kan word, word in hulle reeks *Wegwysers in die dogmatiek* geïllustreer.

hy veral die verbond en die eskatologie, soos ons reeds verneem het, as sleutelbegrippe hanteer, bring dit hom nie daartoe om die hele dogmatiek van hieruit te herstruktureer nie. Wat wel opval, is dat hy nie 'n aparte hoofstuk aan die verbond wy nie. Miskien sou 'n sistematiese uiteensetting daarvan die deurlopende verwysing daarna ten goede kon kom.

*Fokus* se inhoudsopgawe openbaar alreeds iets van König se benadering. In ten minste die volgende interessante aspekte wyk hy af van 'n "tradisionele" gereformeerde dogmatiek. Daar is nie 'n aparte hoofstuk oor die Bybel nie, hoewel toegegee moet word dat die grootste deel van die hoofstuk oor God se openbaring darem oor die Bybel handel (*Fokus*:16vv.). By die behandeling van die eienskappe van die Bybel kom hy nie by die genoegsaamheid daarvan uit nie. In sy hoofstuk oor God kom die ewige raad van God glad nie ter sprake nie, maar wel God se betrokkenheid by die geskiedenis (*Fokus*:59). Trouens, die geskiedenis is vir hom so belangrik dat hy selfs nog 'n paragraaf, in die hoofstuk oor die voorsienigheid, daaraan wy (*Fokus*: 201-4). Die voorsienigheid word nie in aansluiting by die skepping behandel, soos in die gereformeerde belydenisskrifte (Nederlandse Geloofsbelydenis art. 12-13; Heidelbergse Kategismus Sondag 9 en 10) nie, maar as 'n aparte hoofstuk ná die sonde. Die uitverkiesing kry geen afsonderlike aandag nie, en word nie soos gewoonlik by die Godsleer behandel nie, maar kry so 'n afskeepplekkie aan die einde van die voorsienigheidsleer (*Fokus*:215–8). In die hoofstuk oor die mens word 'n aantal aktuele etiese kwessies soos aborsie en doodstraf aan die orde gestel. In dieselfde verband word opvallend uitvoerig by die invloed van die feminisme stilgestaan (*Fokus*:120-37). Die dood en die hel word nie soos gebruiklik onder die eskatologie tuisgebring nie, maar onder die sonde (*Fokus*:180, 186). Gewoonlik is daar in 'n gereformeerde dogmatiek 'n aparte hoofstuk oor die genademiddele (Woord en sakramente). By König word doop en nagmaal egter in verband met die verlossing bespreek (*Fokus*:302 vv., 322 vv.). Dit lyk nogal sinvol, hoewel die belangrike waarheid van die Woord as genademiddel daarmee dreig om verlore te gaan. In die hoofstuk oor die kerk word allerlei interessante vrae aangeraak, maar die eg gereformeerde kenmerke van die kerk, en daarmee saam die onderskeid tussen ware en valse kerk, word eenvoudig geïgnoreer (Nederlandse Geloofs-

belydenis art. 29). 'n Laaste saak wat opval, is dat König geen aandag aan die dogmahistoriese ontwikkeling van die verskillende temas wy nie.

Vanselfsprekend kan daar nie finale gevolgtrekkings uit die bostaande kursoriese waarnemings gemaak word nie. Hulle wil maar net 'n voorlopige verkenning bied. Tendense wat vermoed kan word, sal eers deur die res van die ondersoek bevestig moet word. Die verdere ontleding van grondlyne in König se teologie word op twee vlakke onderneem: formeel en inhoudelik. Die volgende paar paragrawe bespreek eers twee metodologiese begrippepare: Bybels en kontekstueel, konfessioneel en ekumenies. Daarna volg temas van 'n meer inhoudelike aard.

## 3. BYBELSE BEGRONDING

König se dogmatiek word deurgaans gekenmerk deur 'n besondere beklemtoning van die Bybelse gegewens by elke leerstuk. Hy beskou dit as sy teologiese verantwoordelikheid om die "Christelike tradisie" te verryk deur die verstaan van Bybelse gegewens, eerder as om "ideologies" te dink (König 2001b:24). Toe hy destyds met sy dogmatiese reeks begin het, was hy selfs onseker of dit dogmatiek in die "streng wetenskaplike sin" van die woord was, en of dit nie eerder "Bybelse teologie met dogmatiese aanlope" genoem kon word nie (König 1975: 260). Hierdie uitgangspunt hang waarskynlik saam met sy evangeliese agtergrond en ekumeniese openheid, waarby ons later stilstaan.

Ook in *Fokus* is daar goeie voorbeelde van hoe König se noukeurige Skrifeksegese nuwe lig op ou, verroeste teologiese probleme werp. In verband met die vraagstuk van "die onvergeeflike sonde" word na Hebreërs 6 en 10 verwys (*Fokus*:179). Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat dit hier nie net om 'n opsetlike en radikale verwerping van die evangelie gaan nie, maar om die verwerping van "die enigste offer" vir die sonde. Dié teks wil dus nie sê dat 'n gelowige verlore kan gaan nie, maar wil ons eerder verseker — en waarsku! — dat ons slegs deur vertroue op Jesus Christus gered kan word. Nog 'n voorbeeld: die Bybelse begrippe vir die heilsweg — genade, regverdiging, geloof, weergeboorte, bekering ensovoorts — word opnuut gepoleer (*Fokus*:289vv.). In hierdie verband is dit veral die "vereniging

met Christus" (*Fokus*:294-6) wat 'n mens tref. Ons is dubbel betrokke by Christus se kruisdood: Hy verteenwoordig ons deur ons skuld te betaal ("representatief") én Hy sluit ons by Hom in sodat ons ook aan sý lewe deel kry ("korporatief"). Uiteraard moet König se weergawe van die Bybelse betekenis van die doop (*Fokus*:302-14) ook hier vermeld word. Hy het aangehou om die Bybelse gegewens intensief te bestudeer totdat hy die betekenis van die doop helder kon uiteensit. Daarmee het hy ook die valse dilemma van klein- óf grootdoop deurbreek. Die Nuwe Testament ken beide 'n verbonds- en 'n sendingdoop.

König se sterk Bybelse begronding bring sy teologie dikwels in konfrontasie met wat hy (veralgemenend?) die Grieks-filosofiese denke noem. In die Godsleer is hy byvoorbeeld negatief teenoor die tradisionele "selfgenoegsaamheid" van God, waarvoor die skolastieke teologie hulle op Eksodus 3:14 beroep het (*Fokus*:39). Ook God se "almag" moet op Bybelse gronde van die tradisionele filosofiese verstaan daarvan afgegrens word (*Fokus*:58, 60). Vanuit die verbond hoef ons nie die Grieks-filosofiese "vreeslike statiese siening oor God" te handhaaf nie (*Fokus*:75). Ook in die antropologie wil König die filosofiese skemas met die Skrifgegewens deurbreek. Die mens is nie 'n saamgestelde wese nie, maar 'n eenheid wat van verskillende kante beskryf kan word (*Fokus*:151-60). Dit is ook meer 'n Griekse erfenis as 'n Bybelse waarheid, sê hy, dat ons na die hemel moet verlang. Die heil wat God gee, kom op áárde (*Fokus*:284-6)! Daarom moet ons in ons toekomsverwagting baie meer op die (liggaamlike) opstanding konsentreer as op die sogenaamde tussentoestand. Dat die siel onsterflik is, sê die Bybel nie. Waaraan ons wel kan vashou, is dat ons eenheid met Christus (deur in Hom te glo) nooit gebreek kan word nie, selfs nie deur die dood nie (*Fokus*:377-80).

Teenoor die hedendaagse moderne filosofie volg König 'n meer dubbelslagtige benadering. Aan die een kant bring sy gehegtheid aan die Bybelse stof hom daartoe om byvoorbeeld 'n moderne filosofiese vryheidsidee in te ruil vir wat hy noem "ware vryheid" as "die regte gebondenheid" (*Fokus*:108-11). Aan die ander kant is hy so beïndruk met byvoorbeeld die moderne verskynsel van feminisme dat hy 'n ellelange bespreking daaraan wy (*Fokus*:120-37). Daaroor oordeel hy klaarblyklik so positief dat hy die Bybelse gegewens oor die rol van die vrou aanhou herinterpreteer, totdat dit die hedendaagse algemene

opvatting oor die vrou legitimeer. Selfs in die huwelik beteken die hoofskap van die man glad nie meer dat hy enige gesag oor sy vrou het nie.

Miskien is hierdie laasgenoemde aspek 'n goeie illustrasie van König se (versigtige) openheid vir die resultate van die histories-kritiese Bybeluitleg. Elders (König 2002b:213) sê hy dat ons 'n onderskeid moet maak tussen die boodskap van die Bybel en die kultuur van die tyd waarin dit geskryf is. As algemene reël vir verantwoordelike Skrifuitleg kan 'n mens dié benadering seker aanvaar. Maar oor die konkrete toepassing daarvan sal daar altyd verskil van mening bestaan. Self meen König dat daardie fasette wat herhaaldelik in die Bybel voorkom as die blywende elemente beskou moet word (*Fokus*: 24). Daarmee is die saak egter nog nie besleg nie, want daar is ook sprake van 'n ontwikkeling van "teologiese" denke in die Bybel self. Oor temas soos dood en siekte dink die Nuwe Testament, volgens König, radikaal anders as die Ou Testament (*Fokus*:180-6). Hier moet die vraag wel aan König gestel word waarom die een "denktradisie" nou juis meer aanvaarbaar as die ander sou wees. Is dit regtig die Bybelse boodskap wat die deurslag gee, of is daar ook ander, eietydse, oorwegings wat daarin 'n rol speel?

## 4. KONTEKSTUELE BENADERING

In sy outobiografiese opmerkings sê König (2001b:23) dat sy gevoeligheid vir sosiale geregtigheid *via* die bevrydingsteologie sy oë vir "kontekstuele teologie" oopgemaak het. Reeds vroeër het hy (König 1993: "In plaas van 'n inleiding") geskryf dat teologie "meer as Bybelse teologie" is. "Bybelse teologie moet vrugbaar gemaak word vir die situasie waarin ons vandag leef". Dit beteken egter nie dat jy eers met die Bybelse perspektiewe werk om dit dan agterna op die situasie toe te pas nie. Nee, die verhouding Bybel-situasie is eerder "'n heen-en-weer-beweging van die een na die ander".

Hierdie kontekstuele benadering kan op verskeie plekke in König se dogmatiek aangetoon word. Waar hy oor die gesag van die Bybel handel (*Fokus*:22 e.v.), sê hy dat daar verskillende soorte dinge in die Bybel is wat ons nie meer vandag as gesaghebbend en bindend vir ons tyd kan beskou nie — nie net om teologiese redes nie, maar ook

op grond van hedendaagse wetenskaplike, etiese en kulturele oorwegings. In sy kritiek teen die tradisionele Godsleer stel hy dit as beginsel dat die evangelie altyd "sinvol geïnterpreteer moet word" vir die mense aan wie dit verkondig word (*Fokus*:64). As mense destyds oortuig was dat alles wat vasstaan, onbeweeglik en onveranderlik is, goed is, kan dit — aldus König — volkome aanvaarbaar wees om die evangelie in sulke terme uit te druk.

> Maar dit maak nie sin in 'n situasie waarin omgee, betrokkenheid en deernis hoë waardes is nie. En sowel in die Bybel (*sic* S.A.S.) as in ons kultuur is dit sonder meer die geval. In so 'n situasie sal dit net daartoe lei dat God misverstaan word (*Fokus*:64).

Niemand kan ontken dat die evangelie sinvol in 'n bepaalde kultuur verkondig moet word nie. Maar wanneer die kulturele situasie of konteks só oor die Bybelse boodskap of teks begin heers, word kontekstuele teologie 'n bedenklike saak. Dan dreig die kerk om, soos 'n verkleurmannetjie, in elke tydvak die kleur van die heersende tydsgees aan te neem. En in dié proses kan die evangelie maklik verdraai word om die populêre behoeftes van (altyd sondige!) mense te pas. König se Bybelse kritiek op tradisionele opvattings onder invloed van die Griekse filosofie is dikwels in die kol. Maar of hy altyd dieselfde kritiese ingesteldheid teenoor hedendaagse opvattings, onder invloed van die moderne humanistiese filosofie het, is nie sonder meer duidelik nie. Behalwe bogenoemde voorbeelde uit die Skrif- en die Godsleer, kom dieselfde problem ook na vore in verband met die huwelik, wanneer die Bybelse hoofskap van die man oor sy vrou ingeruil word vir 'n "kameraadskapshuwelik" (*Fokus*:132). In verband met die hel openbaar König (*Fokus*:186-8) groot begrip daarvoor dat hierdie leerstuk "geweldig aanstoot aan die moderne Westerse lewensgevoel" gee. In die 20ste eeu het daar so 'n verskuiwing in ons siening van God gekom — van 'n "heilige God wat sy eer verdedig met sy wraak en oordeel" na 'n "God van liefde wat in Christus sy ongelooflike genade aan 'n verlore wêreld bewys" — dat ons baie moeilik iets soos die hel kan aanvaar. Nogtans, sê König, moet ons nie ons "moderne menslikheidsgevoel" die norm maak nie. Selfs al is dit hoe moeilik moet ons in gehoorsaamheid aan die Skrif tog die hel aanvaar. Van hierdie standpunt van König moet ons sê: hier word die verhouding tussen teks en konteks reg gesien.

’n Gesonde kontekstuele teologie sal nie wegskram van eietydse geloofsvrae nie, maar altyd aktueel wees. Hiervan is daar (gelukkig) talle voorbeelde by König, wat die bruikbaarheid van sy dogmatiek verhoog. Om maar enkeles te noem: in verband met die skepping die ekologiese krisis (*Fokus*:88 e.v.), in verband met die voorsienigheid die wil van God vir my lewe (*Fokus*:212 e.v.), in verband met die Heilige Gees die buitengewone gawes (*Fokus*:275 vv.), in verband met bekering “dag en datum” (*Fokus*:301), in verband met die nagmaal kindernagmaal (*Fokus*:324), in verband met kerkregering die vrou in die amp (*Fokus*:343) en in verband met ons toekomsverwagting millennialisme (*Fokus*:367-73).

König se eietydse, aktuele dogmatiek kan beslis nie daarvan beskuldig word — soos dit soms met dogmatieke gebeur — dat dit vrae beantwoord wat niemand meer stel nie! Inteendeel. Of hy dié vrae altyd reg beantwoord, is natuurlik weer ’n verdere vraag.

Dit is goed dat König sekere etiese implikasies van sy dogmatiese oortuigings in *Fokus* (veral in die hoofstuk oor die mens:120-50) inwerk. ’n Mens sou wel kon vra waarom nou juis net dié temas van feminisme, menseregte, aborsie en doodstraf? In elk geval, oor sy behandeling van feminisme het ons reeds kritiese opmerkings in die vorige paragraaf gemaak. Oor aborsie en doodstraf kan dieselfde vrae gevra word. König se behandeling van dié etiese kwessies laat die indruk dat daar geen Skrifberoep in die etiek moontlik is nie. By aborsie verwys hy byvoorbeeld nie eers na Psalm 139 nie (*Fokus*:145), en by doodstraf glad nie na byvoorbeeld Genesis 9:6 en Romeine 13:4 nie. In plaas van enige Bybelse begronding is dié soort etiek slegs ’n logiese redenasie en ’n persoonlike opinie vanuit ’n sterk kontekstuele benadering, soos blyk uit dié stelling: “Die doodstraf in die Bybel veronderstel ’n ander siening en waardering van die mens se lewe as ons vandag” (*Fokus*:151). ’n Mens moet wel vra: Wat bepaal óns mensbeskouing vandag? En waarom word dít bo die Bybel as norm gekies?

## 5. KONFESSIONELE BINDING

Na regte behoort daar ’n vraagteken na die opskrif van hierdie paragraaf geskryf te word, want König se verbondenheid aan die belydenisskrifte is onduidelik. Aan die een kant bely hy openlik sy verbintenis aan die

bekende reformatoriese slagspreuke, waarin "die kern van die Bybel, die hart van die evangelie" verwoord is (*Fokus*:31; König 2001b:23). Hier en daar haal hy 'n uitdrukking uit die belydenis aan as dit met sy eie gevolgtrekking ooreenstem, byvoorbeeld Nicea en Chalcedon in verband met die Christologie (*Fokus*:222 e.v.), die Nederlandse Geloofsbelydenis in verband met die nagmaal (*Fokus*:265, 323), die klassieke gereformeerde doopformulier in verband met die erkenning van besprinkeling én onderdompeling (*Fokus*:311) en "die ou gereformeerde beginsel" van Christus se heerskap oor die totale werklikheid (*Fokus*:321). Meestal verwys hy egter krities en in 'n negatiewe sin na kerklike belydenisse, byvoorbeeld die Apostoliese Geloofsbelydenis wat net na die almag van God verwys (*Fokus*:57), en net die lyding en sterwe van Christus, sonder sy lewe, beklemtoon (*Fokus*: 253). In elk geval wend König geen poging aan om die belydenisskrifte in 'n Bybelse sin te interpreteer en in sy dogmatiek te benut nie. Dit hang waarskynlik saam met sy ongevoeligheid vir die dogmahistoriese ontwikkeling van die onderskeie leerstukke. Sy teologie word eerder gekenmerk deur 'n gebrek aan konfessionele binding. Dit word duidelik geïllustreer in sy behandeling van die voorsienigheid, waar hy heeltemal verbygaan aan wat die gereformeerde kerke bely in Sondag 10 van die Heidelbergse Kategismus en Artikel 13 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (*Fokus*:190vv.). Dieselfde gebeur ook wanneer hy by sy behandeling van die uitverkiesing met geen woord na die Dordtse Leerreëls as konfessionele leerbeslissing verwys nie (*Fokus*:215-8).

König is heeltemal bewus van, wat hy noem, die verskillende "kerklike tradisies" waarin ons staan (*Fokus*:33). Of hy met "tradisie" dieselfde bedoel as wat gewoonlik "konfessie" genoem word, is egter nie duidelik nie. Vir König het so 'n tradisie wel 'n positiewe betekenis as hulp by die verstaan van die Bybel. Maar dit hou ook negatief die gevaar in dat ons "die heilsame invloed van ander benaderings tot die evangelie" kan mis. Die Bybel is "ryker as enige enkele interpretasie daarvan of enige tradisie" (*Fokus*:34). Dit lyk dus of König 'n ekumeniese openheid bo 'n konfessionele binding verkies.

# 6. EKUMENIESE OPENHEID

König se ekumeniese openheid is 'n wesenlike grondtrek in sy dogmatiek, 'n ideaal wat hy teoreties en prakties nastreef. Teoreties het hy reeds met sy professorale intreerede in 1976 gepleit vir die uitbouing van 'n ekumeniese teologie (vgl. Eybers, König en Stoop 1982:347-85). Daarin kom hy tot die gevolgtrekking dat die hedendaagse "konfessies" eerder as soveel verskillende kerklike "teologieë" beskou moet word. Hulle staan in beginsel nie eksklusief teenoor mekaar nie, maar moet eerder aanvullend en verrykend op mekaar inwerk. So 'n strewe is noodsaaklik, want die *volle* waarheid is aan die *hele* kerk gebonde. Prakties het König hom daarvoor beywer dat die teologiese fakulteit aan UNISA in hierdie sin 'n egte ekumeniese fakulteit moes wees. In die Departement Sistematiese Teologie en Teologiese Etiek, waarvan hy lank die hoof was, het hierdie ideaal werklikheid geword toe Katolieke, Metodiste, Gereformeerdes, Pentekostaliste en so meer saamgewerk het (vgl. die persone aan wie *Fokus* opgedra is).

Wat dié ekumeniese openheid in die praktyk van die dogmatiek beteken, word op verskillende plekke in *Fokus* duidelik. By die behandeling van die doel van die skepping lees 'n mens (*Fokus*:74):

> Dis in beginsel altyd beter om, sover moontlik, verskillende sienings binne die geloofsgemeenskap eerder as verrykende verskille te probeer hanteer, en nie as verskille wat mekaar uitsluit nie.

In die Christologie word verskillende perspektiewe deur hom saamgevoeg: van bo, van onder, van agter en van voor (*Fokus*:220 vv.). En in die versoeningsleer word die benaderings van Anselmus, Abelardus en Irenaeus saamgevoeg, met die verduideliking daarby:

As 'n mens 'n bietjie ekumenies begin werk — nie altyd standpunte teenoor mekaar stel nie, maar eerder probeer versoen — kan dit jou siening van die evangelie heerlik verryk (*Fokus*:254).

Tot dusver mag dié ideaal redelik onskuldig en selfs opwindend voorkom. Dat dit egter ook deur ernstige probleme gedruk word, kan nie ontken word nie. Waar hy oor die katolisiteit van die kerk handel, sê König (*Fokus*:339):

> Ons weet goed genoeg dat elke kerklike tradisie 'n soort uittreksel uit die evangelie maak. Elke kerk beklemtoon sekere sake en verwaar-

> loos ander … Kerke het mekaar dus nodig om weer iets van die volle rykdom van die genade van God te beleef en te verkondig …

En oor die kerkregering word ons ingelig dat geeneen van die verskillende stelsels uit die Bybel afgelei kan word nie. Dus: “Denominasies behoort … ernstig te kyk na die werkswyse van ander denominasies omdat ons baie van mekaar kan leer” (*Fokus*:343).

In so ’n opvatting word die gereformeerde belydenis gerelativeer en gedegradeer tot net nog een van baie eensydige, subjektiewe persepsies van die Bybelse boodskap. Dan kan ons nie meer in gereformeerde kerke van lidmate verwag om te bely dat die leer wat hier geleer word “die ware en volkome leer van die saligheid” is nie. Dan is ons verplig om onmiddellik alle denominasionele grense as mensgemaak op te hef en om op ’n eg demokratiese manier na die grootste gemene deler in die Christendom te soek en dit te glo waaroor die meeste saamstem. Indien dit is wat met ’n ekumeniese teologie bedoel word, is dit duidelik dat dit geen begaanbare weg is nie. ’n Konfessioneel-gereformeerde teologie hoef beslis nie in isolasie van ander konfessies beoefen te word nie. Inteendeel. Maar as ekumeniese openheid beteken dat elke konfessionele binding daaraan opgeoffer moet word, is dit ’n te groot prys om te betaal.

## 7. VERBONDSMATIGE BEKLEMTONING

Die voorafgaande paragrawe het veral op die formele of metodologiese grondtrekke van König se teologie gekonsentreer. Om sy bedoeling nog beter te verstaan, word daar nou aandag gegee aan die meer inhoudelike aspekte van sy teologie, waarvan die uitgangspunt deur homself geformuleer word as “’n eskatologiese verbondsleer” (*Fokus*: 12). Ongelukkig wy hy nêrens in *Fokus* ’n afsonderlike hoofstuk aan die verbond nie. Maar die verbondsgedagte kom haas in elke *locus* ter sprake.

Reeds by die openbaringsleer formuleer König skerp dat ons nie primêr ’n “boek-godsdiens” het nie, maar ’n “verhoudingsgodsdiens, ’n verbondsgodsdiens” (*Fokus*:15), waarin ons God al beter leer ken. Wanneer “die wesenlike fasette van die Bybelse boodskap” opgesom word, kom die verbondsgedagte herhaaldelik ter sprake (*Fokus*:24): mense is geskep om God se “bondgenote” te wees; God se verkiesing

van en "verbond" met Israel; Jesus Christus se koms om die rol van Israel oor te neem en die Een troue "bondgenoot" van God te word, in ons almal se plek; Christus se koms in die Gees, in Wie ons deel kan kry aan sy oorwinningslewe as die troue "bondgenote" van God, wat ons van die begin af bedoel was om te wees; as sy getuies moet ons Israel jaloers maak op hul Messias en alle ander mense uitnooi om saam met ons in sy "bondgenootskap" te deel; sy belofte om weer te kom en só sy skeppingsdoel (d.i. die verbond, vgl. *Fokus*:75) finaal en volmaak te bereik. Vir König is die hooftema van die Bybel, van Genesis tot Openbaring en van skepping tot voleinding, dus die verbond.

Dit lyk asof König hierdie grondgedagte op elke *locus* van toepassing probeer maak, hoewel dit nie altyd volledig in *Fokus* uitgewerk word nie. In die Godsleer sê hy byvoorbeeld dat die "wese van God" daarin gevind word dat Hy die "Verbondsgod" is, die

> Gemeenskapsgod, wat in verhoudings leef. Hy leef allereers in gemeenskap met Homself maar daarna en daarom ook in gemeenskap met sy skepping (*Fokus*:40; vgl. 52 i.v.m geregtigheid as regte verhoudings).

Hierdie benadering weerhou König tereg van 'n abstrakte bespiegeling oor die wese van God agter die verhoudings waarin Hy leef. Of dit noodwendig ook daartoe hoef te lei dat God se wese, as't ware sy hoofdeug, in sy liefde te vinde is, is egter debatteerbaar. In verband met God se betrokkenheid by die geskiedenis is die uitgangspunt weer eens dat geskiedenis "verbondsgeskiedenis" is (*Fokus*:59) — geskiedenis van God se omgang met mense, waarin daar meer as een deelnemer is. God, die mense en die bose magte tree as "rolspelers" op "verskillende vlakke" op. In dié proses moet God telkens nuwe maatreëls tref om die geskiedenis weer op koers te kry ten einde sy doel met die skepping te bereik (*Fokus*:203 e.v.).

Ook in die leer oor die mens speel die verbondsgedagte vir König 'n deurslaggewende rol. Mense is God se bondgenote, waarvan die beeld van God 'n bepaalde faset is (*Fokus*:97, 99). In die Christologie, veral die sogenaamde "Christologie van agter" of "heilshistoriese Christologie" (*Fokus*:229), word die koms van Jesus in verband gebring met die mislukte verbondsgeskiedenis van die Ou Testament: "Hy verteenwoordig die troue Verbondsgod én die ontroue verbondsvolk".

In die soteriologie word die verbondsgedagte weer ingespan: “Om in die heil te deel, is om in ’n verbondsverhouding met God te staan” (*Fokus*:288 e.v.). Dit beteken dat Hy die inisiatief neem en dat ons daarop moet reageer, maar nie so dat ons dié twee momente van mekaar kan skei nie. Dit gaan hier oor ’n “wederkerige verhouding”, ’n “interaksie van God én mens”. Daarom moet ons die “konkurrensiemodel“, waar God en mens téénoor mekaar geplaas word, met ’n “verbondsmodel” vervang, waar God en mens aan mekaar verbonde is (*Fokus*:114).

König se beklemtoning van die verbond bring telkens bruikbare gesigspunte na vore. In die heilsleer is die vereniging met Christus vir hom tereg ’n sentrale begrip. Christus “in ons”, en ons “in Hom”, “sáám met Hom” aan die kruis én uit die graf — dit is almal uitdrukkings wat na die verbond, ons verbondenheid aan God en aan mekaar, heenwys (*Fokus*:294). Die doop het “insluitende” betekenis: dit lyf ons in Christus se dood en opstanding en in die Abrahamverbond in (*Fokus*:305). Daarom moet in die doop, soos in die verbond, die nadruk op God se inisiatief gelê word (*Fokus*:307). Juis die verbondsmatige aksent lei daartoe dat König besonder gebalanseerd oor die verhouding tussen geloof en goeie werke kan skryf. Wanneer die eis van goeie werke los van ons “verbondenheid” met God in Christus deur die geloof gestel word, word dit moralisme, “wetswerke” in plaas van “geloofswerke” (*Fokus*:318 e.v.).

## 8. ESKATOLOGIESE PERSPEKTIEF

König (2001b:24 e.v.) het van die begin af in die eskatologie belanggestel. Onder invloed van Karl Barth se Christosentriese teologie het hy reeds in sy proefskrif (König 1970:243) tot die gevolgtrekking gekom:

> Eskatologie is teleologiese Christologie, naamlik Jesus Christus die eschatos wat die doel van God met sy skepping bereik … vir ons, in ons en met ons.

Aangesien die verbond die doel van die skepping is (weer die invloed van Barth), en aangesien Christus as God en mens self die vervulling van die verbond is, is Hy self, as die eschatos, dus die skeppingsdoel. So skakel verbond en eskatologie in König se denke met

mekaar, en kan hy sy teologiese uitgangspunt derhalwe as 'n "eskatologiese verbondsleer" omskryf (*Fokus*:12). Aan hierdie uitgangspunt het hy deur al sy publikasies konsekwent vasgehou.

König se kenmerkende eskatologiese perspektief kom nie net in die laaste hoofstuk van sy dogmatiek, oor ons toekomsverwagting, na vore, nie maar kry deurlopend aandag. Wanneer hy in die openbaringsleer die hooftemas van die Bybelboodskap opsom, maak hy duidelik dat Jesus Christus 'n "besondere konsentrasiepunt" is, om Wie omtrent alles draai (*Fokus*:24 e.v.). Hy is immers die eschatos sowel as die verbond. In die Godsleer word God se vryheid onder andere as vry van die verlede en gerig op die toekoms omskryf. Dié toekomsgerigtheid vloei voort uit God se doel met die skepping: "om in 'n verhouding van troue liefde met mense op aarde te leef" (*Fokus*:51). In die skeppingsleer word juis die laasgenoemde aspek beklemtoon. Ons mag nie die aarde verraai nie, want die uiteindelike woonplek van God sal by die mense op die aarde wees (Op. 21:3, *Fokus*:91). In die mensleer korreleer die hoop van die mens met die beloftes van die toekomsgerigte God, "die Beloftegod" (*Fokus*:118). Tipiese eskatologiese temas soos die dood en die hel word by König alreeds onder die hoofstuk oor die sonde bespreek (*Fokus*:180vv., 186vv.). In verband met God se voorsienigheid redeneer hy ook op 'n eskatologiese manier: God kry nie dadelik alles reg wat Hy wil nie (*Fokus*:212); Hy is nog nie ten volle in beheer nie, maar uiteindelik sal Hy wel sy doel met die skepping bereik (vgl. *Fokus*:208). Uiteraard is daar ook 'n hele stuk eskatologie in König se Christologie ingebou (*Fokus*: 230vv.; "Eskatologiese Christologie"). As ons vanuit die toekomstige einde na Christus terugkyk, sien ons dat Hy self die einddoel van God is. In Hom het die laaste dae reeds aangebreek; alles sedert sy geboorte is eskatologie. Vandat Hý uit die dood opgestaan het, is óns opstanding baie naby (*Fokus*:261).

Omdat Jesus Christus self die eschatos is, is die eskatologie by König sterk Christosentries. In sy preumatologie is hierdie aksent so kragtig dat daar byna 'n identifikasie van Christus en die Gees plaasvind (*Fokus*:268 vv.) In die soteriologie word die vereniging met Christus as't ware die sentrale begrip waarom alles draai (*Fokus*:294 vv.). "Ook die kerk", betoog König verder, is "net soos Christus, die Gees en die heil, voluit eskatologiese werklikhede — deel van God se

uiteindelike doel met sy skepping" (*Fokus*:328). Prakties beteken dit dat die kerk die voortsetting van Israel is. Dié twee deel in dieselfde genadeverbond (die Abrahamverbond). Ten spyte van verskille is daar 'n wesenlike eenheid tussen Israel van die Ou Testament en die kerk van die Nuwe Testament (*Fokus*:329). Ten minste in hierdie laasgenoemde opvatting is König ongetwyfeld oer-geformeerd!

König trek die grondlyne van sy eskatologiese teologie konsekwent deur ook in sy laaste hoofstuk oor ons toekomsverwagting. Al die vrae wat mense gewoonlik so nuuskierig oor die tekens van die tye vra — die wegraping, die laaste oordeel en die duisend jaar — moet streng vanuit Christus beantwoord word. Hy is immers dié Laaste (*Fokus*:356). Bybelse profesieë mag ook nie as blote voorspellings van die toekoms verstaan word nie. Hulle is eerder beloftes wat herhaaldelik, en nie altyd letterlik nie, vervul word (*Fokus*:358). Daarom moet die tekens van die eindtyd — die Antichris, die sending en die bekering van die Jode — nie verstaan word as gebeurtenisse wat nog êrens in die toekoms moet plaasvind nie. Hulle gebeur reeds vanaf die eerste koms van Christus. Sy tweede koms is deurentyd naby; daar is niks wat verhinder dat dit enige oomblik kan gebeur nie (*Fokus*:360 vv.)! Ook die duisendjarige vrederyk in Openbaring 20 moet as simbool van die koninkryk van God verstaan word. Derhalwe word millennialisme in al sy vorms verwerp — ook "amillennialisme", wat verwag dat die tekens van die tye "al intensiewer" sal word namate Christus se wederkoms al nader kom (*Fokus*:371). Omdat König so konsekwent aan sy eskatologiese uitgangspunte vashou, word die toekomsverwagting by hom minder "opwindend" as wat gelowiges hulle dit gewoonlik voorstel. Selfs oor die sogenaamde tussentoestand sê hy baie min, om al die klem op die *liggaamlike* opstanding en die ewige lewe op die nuwe *aarde* te laat val. So bereik God uiteindelik sy oorspronklike doel met sy skepping: "Die verbond is finaal verwerklik" (die heel laaste sin in *Fokus*:385).

Daar kan waardering uitgespreek word vir die konsekwente manier waarop König sy eskatologiese perspektief in sy dogmatiek uitwerk. Veral sy beklemtoning van die aard van Bybelse profesieë, naamlik dat hulle nie as letterlike voorspellings opgevat moet word nie, verdien ernstige oorweging. Al word die verwagting oor die eindtye dan minder spannend, is dié nugter benadering waarskynlik nader aan die

Bybelse bedoeling. Dieselfde geld vir sy oortuiging dat ons uiteindelike bestemming op hierdie (weliswaar nuutgemaakte) aarde lê, waar ons nie bloot 'n hemelse, geestelike bestaan sal lei nie, maar liggaamlik (weliswaar verheerlik) tot in ewigheid met God sal leef en regeer.

Juis hierdie laasgenoemde aksente laat die vraag ontstaan of dit dan nodig is om so krities soos König oor die oorspronklike skepping te wees. Van die idee van "skeppingsordeninge" wil hy niks weet nie. Die Bybel leer ons 'n "toekomsgerigtheid" en nie "'n goeie ou tyd" wat ons in stand moet hou nie (*Fokus*:321). Is dit nie 'n aanduiding van 'n ongebalanseerde eskatologiese oorywerigheid nie? Lê daar nie tog meer normatiwiteit in God se oorspronklike skeppingsorde nie? Iets soortgelyks moet oor König se voorsienigheidsleer opgemerk word. Is dit nie 'n oordrewe eensydige beklemtoning van die eskatologie as beweer word dat God nog nie ten volle in beheer van alles is nie, maar dit eers eendag sal wees?

## 9. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Noudat die doelstellings van ons ondersoek, soos in paragraaf 1 gestel, bereik is, kan die grondtrekke in Adrio König se teologie samevattend beskryf word. Dit wat in paragraaf 2 voorlopig vasgestel is, kan nou bevestig word. In sommige opsigte vertoon König se dogmatiek tradisioneel-gereformeerd, maar in ander opsigte slaan hy so 'n eie koers in dat dit moeilik sal wees om hom presies te plaas. Om maar een voorbeeld van dié weerbarstige teologie te noem: in die soteriologie dink König streng vanuit die reformatoriese *solae*, maar met die uitverkiesing — wat soos geen ander leerstuk nie juis die genadekarakter van die heil beklemtoon — gaan hy byna onverskillig en definitief oppervlakkig om.

Wat die oorsaak van König se dubbelslagtige posisie is, ten minste vanuit 'n konfessioneel-gereformeerde oogpunt beskou, is moeilik om te peil. Miskien moet dit in sy persoonlike agtergrond gesoek word. Hy is van mening dat die NG Kerk hom altyd net "verdra" het, maar nooit heeltemal "vertrou" het nie (König 2001b:24). Dit het gebeur omdat hy buite die NG Kerk, in 'n afgeskeie evangeliese groep, grootgeword het. Dié posisie het daartoe aanleiding gegee dat hy

homself doelbewus nie met ’n spesifieke “magsgroep” of “ideologie” wou vereenselwig nie. Dus ook nie met konfessioneel-gereformeerdes nie? Hoe dit ook al sy, die teologiese redes vir König se standpunt lê waarskynlik in die begrippepare wat ons in die ontleding van sy teologie gebruik het: Bybels én kontekstueel, sowel as konfessioneel én ekumenies. Dit is asof hierdie motiewe König se denke gedurig in twee rigtings trek.

Ongetwyfeld is die onmiskenbare Bybelse begronding van König se teologie ’n sterk positiewe punt. Soos in paragraaf 3 aangetoon, deurbreek dit op talle punte onhoudbare filosofiese denkpatrone in die tradisionele (skolastieke) teologie. Maar König is nie konsekwent in sy erkenning van die gesag van die Woord van God nie. As hy oor die hel skryf, is hy terdeë bewus van die probleme wat dié tema vir die moderne mens inhou. Nogtans buig hy nederig voor dit wat die Woord daaroor leer. Maar as dit by ’n leerstuk soos die voorsienigheid kom, wat net so deur logiese besware gedruk word, maak König hom los van wat die kerk van alle eeue op grond van die Bybel daaroor bely. Dan herinterpreteer hy die bekende *loca probantia* in dié verband, en ontwerp ’n nuwe voorsienigheidsleer (vgl. Van Wyk 2002).

Sy kontekstuele benadering (ons paragraaf 4) bring wel mee dat sy teologie besonder aktueel en eietyds is. Maar die volstrekte korrelasie tussen Bybel en situasie waarvan hy uitgaan, lei noodwendig daartoe dat die kulturele konteks die Bybelse teks in sommige gevalle heeltemal verdring. Veral in die etiese implikasies van König se teologie word hierdie gevaarlike “verkleurmannetjie”-effek sigbaar.

Wat die konfessionele gehalte van König se teologie betref, het ons in paragraaf 5 tot die gevolgtrekking gekom dat dit waarskynlik nie vir hom so belangrik is nie. Hy gebruik die kerklike belydenis slegs wanneer dit sy eie teologiese resultate ondersteun. Vir hom is ’n ekumeniese openheid (paragraaf 6) ’n belangriker maatstaf vir goeie teologie. Soos ons probeer aantoon het, moet so ’n benadering egter noodwendig tot ’n devaluering van die kerklike konfessie lei. Waarskynlik is die verhouding tussen konfessie en ekumene ’n tema waaroor ons in ons tyd opnuut prinsipieel moet besin. Dit geld des te meer noudat die tradisionele teologiese fakulteite van die NG Kerk gedurende enkele jare van konfessionele na ekumeniese fakulteite getransformeer is.

König het dit vir navorsers maklik gemaak om die grondmotief van sy teologie te herken. Sy hele teologie is inderdaad rondom 'n eskatologiese verbondsleer opgebou. Wat hy daarmee bedoel, het ons kortliks in paragrawe 5 en 6 uitgelig. Oor die algemeen huldig hy 'n gesonde, Bybelse verbondsbeskouing. Dit kom veral in sy gebalanseerde en gereformeerde soteriologie na vore. Inderdaad is dit juis die verbond tussen God en ons wat die onhoudbare konkurrensieskema deurbreek. Hier en daar kan 'n mens wel wonder of hy hom nie te veel deur Karl Barth se standpunte laat beïnvloed het nie, soos byvoorbeeld 'n universalistiese tendens in die mensleer en 'n devaluering van die normatiwiteit van die skepping. Dit moet ook as 'n wins beskou word dat König so konsekwent eskatologies in sy teologie te werk gaan. Meestal het dit goeie gevolge, byvoorbeeld dat ons toekomsverwagting nugterder moet wees. Oor die invloed van die eskatologiese perspektief in die skeppings- en die voorsienigheidsleer kan ons egter minder entoesiasties wees.

Hiermee is seker nie die laaste woord oor König se teologie gespreek nie. Maar daar is waarskynlik wel genoeg gesê om die grondtrekke in sy teologie bloot te lê. Sy teologie is so omvangryk en stimulerend dat dit beslis verdere navorsing verdien.

# BIBLIOGRAFIE

DURAND J J F

1976. *Die lewende God*. (Deel 1 van J.J.F. Durand & W.D. Jonker, Wegwysers in die dogmatiek.) Pretoria: NGKB.

EYBERS I H, KÖNIG A EN STOOP J A (red.)

1982. *Inleiding in die teologie*. Derde uitgawe. Pretoria: NGKB.

HEYNS J A

1978. *Dogmatiek*. Pretoria: NGKB.

KÖNIG A

1970. *Jesus Christus die Eschatos. Die fundering en struktuur van die eskatologie as teleologiese Christologie*. Pretoria: NGKB.

1975. *Hier is Ek*! (Gelowig nagedink. Deel I.) Pretoria: NGKB.

1980a. *Jesus die Laaste* (Gelowig nagedink. Deel 2.) Pretoria: NGKB.

1980b. *Strydgesprek oor die kinderdoop*. Pretoria: NGKB.

1980c. *Heil en heilsweg*. Pretoria: NGKB.

1982. *Hy kan weer en meer*. (Gelowig nagedink. Deel 3.) Pretoria: NGKB.

1988. *Bondgenoot en beeld*. (Gelowig nagedink. Deel 4.) Pretoria: NGKB.

1993. *Menslike mense*. (Gelowig nagedink. Deel 5.) Halfway House: Orion.

2001a. *Fokus op die 300 geloofsvrae wat mense die meeste vra*. Wellington: Lux Verbi.

2001b. My mind is changing continually, but … *JTSA* 3:23-27.

2001c. *Die helfte is my nooit oor Jesus vertel nie*. Wellington: Lux Verbi.

2002a. *God, waarom lyk die wêreld so?* Wellington: Lux Verbi.

2002b. *Ek glo die Bybel — ondanks al die vrae*. Wellington: Lux Verbi.

VAN GENDEREN J EN VELEMA W H

1992. *Benopte Gereformeerde Dogmatiek*. Kampen: Kok.

VAN WYK JH

2002. Die mens wik maar God beskik? In gesprek met Adrio König oor sy eskatologiese, verbondsmatige voorsienigheidsleer. *In die Skriflig* 36(4):529-551.

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
|---|---|
| Dogmatiek in Suid-Afrika | Dogmatics in South Africa |
| Eskatologiese verbondsleer | Eschatological doctrine of the covenant |
| Gereformeerde dogmatiek | Reformed dogmatics |
| Teologie van A. König | Theology of A. König |